

Mens-plant-verbintenisse in *Die sideboard* (2014) van Simon Bruinders

Susan Meyer

Susan Meyer, Fakulteit Opvoedingswetenskappe,
Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

Opsomming

As teoretiese raamwerk vir die bestudering van die mens-plant-verbintenisse in *Die sideboard* word vertrek vanaf die teoretiese beginsels van die nuwe materialisme. Die konsep *materie* verwys na sowel menslike as niemensele liggaamlikheid, na sowel organiese as anorganiese substansies en kragte. Natuurelemente word beskou as in besit van aktiewe krag en nie as passiewe sosiale konstruksies en objekte vir menslike uitbuiting nie. Die afgelope tyd het 'n fokusverskuiwing in die omskrywing en gebruik van die konsep *materialiteit* plaasgevind – die klem val nou op verhoudings as konteks vir die interaksie tussen magte van beïnvloeding en die substansies wat beïnvloed word, op vorme van vervlegting of netwerke eerder as op individuele kragte van lewende of nielewende aard. Hierdie onlangse neiging in die nuwe-materialisme-benadering is rigtinggewend vir die huidige ondersoek. Die doel daarvan is die ontleding en beskrywing van relasionele aspekte in die uitbeelding van die mens-plant-verbintenisse in die roman *Die sideboard* (2014) van Simon Bruinders. Só word gepoog om literêre bevestiging te vind van die teoretiese standpunt dat plante as vorme van aktiewe of beïnvloedende krag kan optree binne die konteks van interafhanklike verbintenisse met die mens. Die ontrafeling en beskrywing van die mens-plant-interaksie in die roman lei tot interessante insigte. Die hooffiguur en groenteboer, Abraham, blyk op 'n veel ingrypende wyse beïnvloed te word deur die gewasse wat hy kweek as ten opsigte van sy finansiële welstand. 'n Ooglopende aanhanklikheid van hierdie plante en 'n subtiele beïnvloeding van sy psige, lewe én lewensingesteldheid daardeur word uitgebeeld. Die roman belig op genuanseerde wyse verskeie vorme en aspekte van die vervlegting wat ontstaan wanneer mense en plante in kontak tree. Dit open nuwe perspektiewe op die rol van plante in die mens se lewe. In *Die sideboard* word verhoudingsdimensies geïllustreer wat antroposentriese beheer as aanvaarde uitgangspunt in die hantering van plante uitdaag.

Trefwoorde: *Die sideboard*; ekokritiek; mens-plant-verbintenisse; nuwe materialisme; plante as aktiewe of beïnvloedende krag; Simon Bruinders

Abstract

Plant-people relationships in *Die sidebar* by Simon Bruinders

Die sidebar (2014), Simon Bruinders's first novel, is about Abraham de Bruin who grows vegetables on his mother's rented plot near George in 1939. His dream of owning land is crushed by the political system of the time. An interesting aspect of the novel is the role that Abraham's farming with vegetables, even on a small scale, plays in his life. It becomes clear that the crops Abraham grows have a much more profound influence on his psyche than on his income. The portrayal of nuanced or meaningful relations with plants is rare in Afrikaans narratives. The influence of plants as portrayed in *Die sidebar* involves a form of positive contribution to Abraham's (and later his whole family's) life and well-being, on a psychological level as much as regarding their physical needs. Relational aspects emerge that highlight the importance of plants to people in a way that's different from the anthropocentric perspective of nature's being a passive servant of man. This novel offers fertile ground to explore the real roles given to man and plant.

As a theoretical framework for studying the plant-people relationships in *Die sidebar* the principles of ecocriticism are used. Ecocriticism can be described as "a cross-disciplinary initiative that aims to explore the environmental dimensions of literature and other creative media in a spirit of environmental concern not limited to any one method or commitment" (Buell, Heise and Thornber 2011:418). Marijke van der Veen's article "The materiality of plants: plant-people entanglements", published in *World Archaeology* in 2014, emphasises the central place of plants in man's life and forms the theoretical basis for studying *Die sidebar*. Van der Veen uses the concept of materiality and the idea of "plant agency" to investigate man-plant relationships. The focus of her research falls on intricate forms of entanglement or meshworks that are created, often unintentionally, when plants and people interact.

Van der Veen's research is supported by the new materialism as a theoretical field within which the concept of materiality is rethought. Matter is viewed as including "human and nonhuman bodies, organic and inorganic substances and forces" (Oppermann 2013:71), so that the strict dualisms of living/non-living, human/non-human are discarded, and also the idea that elements of nature are passive social constructions. Oppermann (2013:72) states: "The new materialists perceive nature as an active, signifying force; an agent in its own terms [...]. Being thus liberated from its previous conceptualizations as a blank, silent source for the exploits of culture [...] nature is discussed as a significant participatory force field in the entanglement of meaning and matter."

Van der Veen (2014:799) stresses the fact that the concept of *materiality* has changed over recent years in terms of its precise definition and use: "(It) has changed from an initial focus on the agency of objects, that is the recognition of material and non-human agency, to a greater emphasis on relationships, networks and meshworks, rather than on the individual agency of either person or object." This observation is endorsed by several other researchers. Robb (2016:505) describes the property of agency as always relational and contextual: "(I)t is always defined in the context of a relationship between an agent and a recipient. Hence material things can be agents as long as humans interact meaningfully with them. [...] The idea of material [...] makes perfect sense within a relational view of agency; people act within relationships with things as much as with other individuals and groups." Coole and Frost

(2010:9) also pertinently include the aspect of relationality in their description of matter as “a force, vitality, relationality”. Ingold (2016:14) sees the environment as a world that is continually unfolding in relation to the beings who make a living in it. He is convinced that “its reality is not *of* material objects but *for* its inhabitants”. Ingold (2016:14) concludes: “Thus the properties of materials, regarded as constituents of an environment, cannot be identified as fixed, essential attributes of things, but are rather processual and relational.”

This study follows the most recent trend in the new materialism approach to the understanding of the agency of plants. The purpose of this investigation is the tracing, analysis and description of relational characteristics in the depiction of the plant-people interactions in *Die sideboard*. It is guided by a sharp focus on the phenomenon of interdependent relationships in this novel, on the ways in which man becomes entangled with plants in body and mind, and how people are influenced by plants at the levels of the psyche and identity. This is an attempt to find confirmation for the theoretical view that plants act as agents, as forms of an active force, within the context of dynamic relationships with man.

If approached from the latest premise that matter should be viewed within the context of networks and relationships, *Die sideboard* becomes a fascinating text for the purpose of literary investigation. It is clear that Abraham’s dream of a patch of land becomes much more than the mere desire to manage a piece of land profitably. Several dimensions of the relationship between farmer and plant are revealed in this novel. These relationships are portrayed in a way that challenges anthropocentric control as the accepted point of departure in the handling of plants and offers a new perspective on the role of plants. Van der Veen (2014:806) refers to “webs of relationality” between man and plant, and explains: “Both plants and humans become caught up or trapped in the relationships: humans get caught up in a double-bind, depending on things (plants) that depend on humans.”

The results of the unravelling and description of the plant-people relationships in *Die sideboard* are instructive. This novel illuminates in a nuanced way the phenomenon that is the focal point of the investigation: the literary embodiment of the idea that man and plant influence each other and function in a strong relational context. Aspects of plant-people interdependence and of the interwovenness of human and non-human existence are powerfully illustrated in this novel. These are central concepts in the contemporary way of thinking about and emphasising the relational dimensions that have recently begun to emerge in the field of the new materialism.

It becomes evident that Abraham grows vegetables not only for his family’s use, or to earn something. There are relational elements that come into play. A form of devotion to the processes of planting and witnessing growth is portrayed. In addition to that, an obvious dependency on plants as well as signs of the subtle influencing by plants of the character’s mind, life and attitude towards life are depicted. Being busy with planting and harvesting also has an impact on Abraham’s realisation and confirmation of his identity. He finds it possible to express himself through pampering his plants. The novel also clearly illustrates how this self-interpretation manifests in the demonstration of his self-esteem, beliefs, pride and behaviour. Abraham’s interaction with plants and an awareness of his life’s intertwinement with the rhythm and routine that plants and caring for them require, inspire the will to rise above personal misfortune and disruption. This is of vital importance in the process of adaptation after each episode of uprooting in his life.

The novel opens new perspectives on opinions about the place and role of plants in man's life. This is particularly significant in an era in which anthropocentric views are influencing us to see plants in their subservient role with regard to people: as passive objects within the context of farming, trade and nutritional needs. The findings from this study support Van der Veen's (2014:799) argument that "concepts such as materiality and entanglement help us not only to foreground the vital importance of plants in human life, but to appreciate that these plants are best studied within the complex webs of relationships that exist between plants, environments and people". Between the pages of *Die sideboard* man and plant indeed live as if interwoven in a web of relationality.

Keywords: *Die sideboard*; ecocriticism; new materialism; plant-people relationships; Simon Bruinders; the agency of plants

1. Inleiding

Die sideboard (2014) is Simon Bruinders se debuutroman. Dit is die verhaal van Abraham de Bruin, ongeletterde kleinboer en meubelmaker, wat in 1939 op sy ma se gehuurde plot in Saasveld in die George-omgewing met groente boer. Abraham is op die punt om die plot te koop wanneer die boodskap kom dat die grond wat die De Bruins 20 jaar tevore te huur gekry en sedertdien "vrugbaar gemaak en bewerk het" (31),¹ ontruim moet word. Abraham en ma Mieta word, saam met hulle bure van dieselfde sosiale agtergrond, na Die Eiland verskuif. Tien jaar later, en nadat hulle goed op Die Eiland ingeburger geraak het, word Abraham en sy mense weer gedwing om te trek, hierdie keer onder die bepalings van die Groepsgebiedewet. Hulle word in Rosemoor, 'n uitsiglose subekonomiese dorpsbuurt in George, gevestig. Die verhaal neem die leser op 'n reis deur Suid-Afrika se geskiedenis, via die gebeure van die Tweede Wêreldoorlog, waartydens bruin mense die wapen vir die land opgeneem het omdat hulle grond as beloning beloof is. Abraham beleef Sentraal-Afrika en Egipte as soldaat en keer terug na George, ontnugter deur leë beloftes en as die besitter van slegs "'n oorlogsjas en 'n baaisiekel" (131).

Tematies is *Die sideboard* 'n belangrike werk; die perspektief wat Abraham se belewings open ten opsigte van die impak wat apartheid en gedwonge verskuiwings op gesinne in die George-omgewing gehad het, funksioneer soos 'n spieël waarin die leser Suid-Afrika se geskiedenis opnuut in oënskou kan neem. Op die skutblad van die roman word dit voorgestel as "Abraham se stryd vir grond" – en hierdie stryd, herinner Willemse (2015:252) ons, is 'n literêre tema wat as onderstroming in menige roman in die postkoloniale Suid-Afrika voorkom. In die Afrikaanse letterkunde het die plaasroman met sy tema van mens-grond-verbintenis selfs tot 'n subgenre ontwikkel wat telkens beskryf en sedertdien herbeskryf is.² Bruinders se roman bring 'n belangrike verruiming ten opsigte van die perspektief op grondkwesties: die lewensomstandighede van bruin mense word as't ware teruggeskryf in die Afrikaanse literêre diskoers.

Ter wille van literêre kontekstualisering kan gewys word op romans waarby *Die sideboard* tematies aansluit. Winnie Rust se *Trek* (2013) handel ook oor die gedwonge verskuiwing van bruin mense, maar in Rust se roman behels dit die verwydering van mense uit die middedorp van Wellington gedurende die laat 1950's en vroeë 1960's. Die behoefte aan 'n lappie grond is ook teenwoordig by Miss Girlie se mense in *Trek*, maar is minder prominent as in

Bruinders se roman. *Die sideboard* herinner aan Hans du Plessis se *Skuiweling* (1990), waarvan die titel dui op verskuiwing en op mense wat verskuif word, of dan “skuiweling” word. Ben Afrika is een van drie karakters uit verskillende agtergronde wat in ’n kamertjie in ’n parkeergarage vasgekeer word wanneer politieke geweld die stad se strate in ’n slagveld omskep. Die karakters is in verskillende opsigte skuiweling; Ben is ’n Griekwa wat in ’n beskermde Afrikaanssprekende gemeenskap grootword en dan met die angste en ontwrigting van die verskuiwing van gemeenskappe kennis maak. Hy en sy mense word deur die regering van hulle woonplek, Erfdeel, na die “tuisland”, Bitterfontein, verskuif.

’n Verrassende aspek op tematiese vlak in *Die sideboard* is die rol wat Abraham se klein groenteboerdery, weliswaar ter wille van ’n aanvullende inkomste, maar duidelik ook van waarde op ’n ander vlak, in sy lewe speel en ook later in dié van sy hele gesin. Die gewasse wat Abraham kweek, blyk op ’n veel ingrypende manier inspraak te hê op die mens binne-in die groenteboer as op sy finansiële welvaart. Hierdie inspraak, soos uitgebeeld in die roman, behels ’n vorm van medesegeenskap en aktiewe deelname van plante ten opsigte van die lewe en welsyn van Abraham en later ook sy hele gesin, op psigiese vlak in geen mindere mate nie as wat hulle liggaamlike behoeftes betref. Verhoudingsaspekte kom na vore wat die belangrikheid van plante vir die mens op ’n ander manier belig as vanuit die antroposentriese perspektief dat die natuur in passiewe diens van die mens staan. Hierdie roman vra nuwe aandag vir die werklike rolle wat aan mens en plant toegeken word.

Die mens-plant-verhoudings in *Die sideboard* is ’n verrassende gegewe, aangesien die veelkantige uitbeelding daarvan uniek is in die Afrikaanse letterkunde. Van betekenisvolle mens-plant-verhoudings, waar dit spesifiek gaan oor ’n soort psigiese verbintenis tussen die boer en sy plante, kan weinig opgespoor word in ons verhaalkuns. ’n Soektog na verwante tematiese kwessies lei ’n mens wel na enkele tekste waarin besonderse verhoudings tussen mens en boom uitgebeeld word. Die mees onlangse daarvan is *Boomkastele: ’n sprokie vir ’n stadsmens* (2015) uit die pen van Schalk Schoombie. In hierdie roman word ’n unieke band uitgebeeld tussen ’n afgetrede navorser en die bome in sy voorstedelike agterplaas. Dié bome, op die grens tussen hom en die bure, word onverwags afgesaag omdat die buurman woonstelle wil bou. Die navorser is woedend oor die uitwissing van bome van minstens ’n halfeeue oud as gevolg van kortsigtige ekonomiese ideale. ’n Vete met die bure ontstaan, die navorser besluit om die dood van die bome te wreek en hierdie obsessie lei tot sy eie vernietiging.

Boomkastele herinner aan twee ander Afrikaanse romans waarin besonderse uitbeeldings van mens-boom-verbintenisse voorkom en wat temas by mekaar aansluiting vind, naamlik Wilma Stockenström se *Die kremetartekspedisie* (1981) en Lien Botha se *Wonderboom* (2015). In eersgenoemde is die verteller ’n slavin wat ná ’n mislukte reis haar laaste lewensdae in ’n kremetartboomholte êrens in Afrika deurbring. In *Wonderboom* pak Magriet ’n reis aan – in ’n ongespesifiseerde toekoms, nadat wet en orde in die land in duie gestort het – na haar familie en plek van herkoms, en sy ontdek ontnugterd dat die reis geen werklike einde het nie. Net soos vir die slavin in *Die kremetartekspedisie* is hierdie ekspedisie vir Lien ’n poging om die verlede onder woorde te bring; dis ’n reis na buite én na binne.

Nog ’n noemenswaardige uitbeelding van die belewing van en betrokkenheid by bome word aangetref in *Toorbos* (2003) van Dalene Matthee. Hierin is Karoliena Kapp ’n boskind wat deur haar huwelik met ’n dorpenaar die geleentheid gegun word om uit die greep van armoede te kom, maar terugkeer na die bos om te leer hoe dit is om ’n boom te wees. Sy

word getuie van die vernietiging van die Knysnabos en die ontworteling van die bosmense in daardie omgewing in die 1930's. Net soos die navorser in Schoombie se *Boomkastele* is Karoliena verslae oor die grootskaalse verwoesting van natuurlike hulpbronne en skoonheid op haar drumpel.

As 'n teoretiese raamwerk vir die bestudering van die mens-plant-verbintenisse in *Die sideboard* word die beginsels van die ekokritiek gebruik. Hierdie teoretiese basis word in Marijke van der Veen se artikel "The materiality of plants: plant-people entanglements" (2014) verskaf. Haar navorsingsresultate word gerugsteun deur die nuwe materialisme, 'n teoretiese veld met besondere tersaaklikheid vir die ekokritiek. Van der Veen benut die konsep *materialiteit* en die idee van plante in 'n handelende rol ("plant agency") om die plek van plante in die mens se lewe te ondersoek. Sy vestig die aandag op 'n verandering ten opsigte van die omskrywing en die gebruik van *materialiteit* wat besig is om plaas te vind: 'n klemverskuiwing vanaf die handelende en beïnvloedende krag van materie op individuele basis in die rigting van verhoudingsaspekte, en met aandag aan netwerke en vervlegtings wat te voorskyn kom in die interaksie tussen vorme van materie (Van der Veen 2014:799).

In my ondersoek word hierdie onlangse neiging in die nuwe-materialisme-benadering gevolg om die doel met die bestudering van *Die sideboard* te bereik, naamlik om die relasionele eienskappe in die uitbeelding van mens-plant-interaksies op te spoor, te ontleed en te beskryf.

In die volgende afdeling word 'n teoretiese begronding vir die uitgangspunte waarvandaan vertrek word, verskaf.

2. Teoretiese uitgangspunte

2.1 Ekokritiek en aansluiting by postkoloniale studies

Aangesien mens-plant-verhoudings die fokuspunt van my ondersoek is, is die teoretiese beginsels van die ekokritiek ter sake en – teen die groter tematiese agtergrond van *Die sideboard* – ook die konteks van die postkoloniale ekokritiek.

Die definisie wat Glotfelty (1996:xviii) twee dekades gelede aan die konsep *ekokritiek* gegee het, naamlik 'n ondersoek na die verhouding tussen letterkunde en die fisiese (natuur)omgewing, word steeds as gesaghebbend beskou (Huggan en Tiffin 2010:12). Buell (1995:11) beklemtoon die etiese dimensie as 'n belangrike komponent van ekokritiek: in sy uitbreiding op Glotfelty se definisie beskryf hy ekokritiek as die bestudering van die verhouding tussen letterkunde en omgewing wat onderneem word in 'n gesindheid van toewyding aan omgewingskundige praktyke of gebruike.

Buell, Heise en Thornber (2011:418) belig die kernaspekte van die ekokritiek in vollediger terme wanneer hulle dit só omskryf:

Ecocriticism is a cross-disciplinary initiative that aims to explore the environmental dimensions of literature and other creative media in a spirit of environmental concern not limited to any one method or commitment. Ecocriticism begins from the conviction that the arts of imagination and the study thereof – by virtue of their grasp

of the power of word, story, and image to reinforce, enliven, and direct environmental concern – can contribute significantly to the understanding of environmental problems [...]. In this, ecocriticism concurs with other branches of the environmental humanities – ethics, history, religious studies, anthropology, humanistic geography – in holding that environmental phenomena must be comprehended, and that today’s burgeoning array of environmental concerns must be addressed qualitatively as well as quantitatively.

Soos wat die ekokritiek oor die jare gegroei en ontwikkel het, het verskeie aspekte daarvan onder kritiek deurgeloop en het sekere probleme omtrent dié dissipline aan die lig gekom. Enkele probleemassepekte kan hier genoem word. Gifford (2008:15) wys op ’n beswaar wat in die ontstaansjare van die ekokritiek dikwels geopper is, naamlik die gebrek aan ’n behoorlike metodologie en gesofistikeerde teoretiese raamwerk. Terwyl hierdie kwessie toenemend bevraagteken is, het ekokritici gekies om die interdissiplinêre aard van die dissipline te beklemtoon: dat die lettere en omvattender geesteswetenskappe met die wetenskappe in gesprek behoort te wees en dat dié interdissiplinêre gesprek in gelyke mate vanuit die kritiese en kreatiewe dissiplines gevoed behoort te word. In ’n onderhoud met Lawrence Buell, een van die baanbrekers vir ekokritiek, reageer hy op hierdie kritiek, wat hy “a common but increasingly outdated charge” noem, deur te verwys na verskillende navorsers wat sedert die middel-1990’s studies met ’n sterk teoretiese basis publiseer as bewys dat ekokritici wel toenemend gesofistikeerd te werk gaan (Fiedorczuk 2011:11).

Phillips (2013:463–5) kom egter redelik onlangs weer met kritiek op dieselfde kwessie, maar uit ’n ander invalshoek. Wat hy beskou as die taaiste kwessie vir die ekokritiek, is die probleem van die uitbeelding of die voorstelling van natuuumgewings en -verskynsels, wat hulle nie leen tot die soort uitbeeldings waartoe literêre werke (volgens Phillips se oordeel) in staat is nie. Hy argumenteer dat natuurlike omgewings ’n onbegryplike hoeveelheid inligting oplewer, groter in omvang as wat enige menslike brein of rekenaar kan verwerk (Phillips 2013:464). Sulke omgewings kan nie soos ’n studie-objek benader word nie – die kompleksiteit daarvan is te groot en die menslike waarnemingsvermoë, selfs die totaliteit van sy sintuiglike vermoëns, is te ontoereikend. Dit lei, volgens Phillips (2013:465) tot ’n praktyk wat blootgestel is aan kritiek:

A wide range of sciences organized under the loose heading of ecology has arisen to try to affect the comprehension of the natural environment collectively and cumulatively. [...] Given the different methodologies and theories the various natural sciences employ, the ensemble rarely plays from the same score or on the same scale. Competing methods, theories, and the claims they generate create a cacophony. This cacophony is music to the ears of environmental skeptics [...] The unsure nature of our knowledge of the environment also makes it difficult to see how environmentalism and ecological science might serve as foundations or sanctions for literary and cultural criticism.

In plaaslike gesprekke oor ekokritiek word, net soos internasionaal, die standpunt geopper dat die studie van omgewingsgerigte letterkunde nie ’n daadwerklike oplossing blyk te bied vir die ekologiese krisis wat wêreldwyd vanweë die kortsigtigheid van die mens uitspeel nie (Steenkamp 2013).

Reaksies hierop is uiteenlopend. Hoewel daar waarskuwings opklink teen die gevaar om die effek van natuurgerigte literêre werke op die mens se optrede of beskouings te oordryf (Macfarlane 2013:167), is Macfarlane self en Moran (2014:61) oortuig dat hierdie genre van groot hulp kan wees in die vestiging van 'n benadering van deel te wees van 'n groter, niemenslike geheel op 'n wyse waar medebewonerskap, nie eienaarskap nie, die norm is. (Moran 2014:61) en Macfarlane (2013:167) verwys na die onbedoelde gevolge wat literatuur dikwels het – “It stirs the sediments of thought and morals” – en na die wyse waarop hierdie tekste van wetenskaplike skryfwerk verskil. Hiermee word bedoel dat letterkunde ons deel kan maak van die bewussyn van ander, ook van ander spesies, en ons kan help om ander uitkomst vir die toekoms te visualiseer. Letterkunde kan, in die woorde van Iovino (2010:57), “potentially impact the imagination of an entire society”.

Die probleem ten opsigte van ekokritiek wat ook as aansporing dien vir 'n ondersoek soos hierdie, wat literêre ontleding en kritiek behels, is dat ondanks 'n toenemende belangstelling in omgewingskwessies op beide plaaslike en internasionale vlakke, die gegewe van die druk waaronder die aarde se lewensonderhoudende sisteme verkeer, steeds 'n geringe impak op die literatuursisteme het. Glotfelty (1996:xv) voer aan dat ekokritiese vakkundigheid grootliks akademies en teoreties ingestel bly, “in the sense of scholarly to the point of being unaware of the outside world”. Smith (2015a) beaam dat selfs internasionale ekokritici hulle veel meer geredelik met teorie besig hou as wat daar aandag geskenk word aan die toepassingsmoontlikhede binne die literatuur.

Op die plaaslike toneel is die toepassing van ekokritiese teorie op Afrikaanse tekste 'n uitdaging waarvoor nog baie ruimte bestaan. Slegs 'n klein groepie akademici spits hulle op die ekokritiese bestudering van die Afrikaanse letterkunde toe. Marisa Keuris (2007) lees en beoordeel Pieter Fourie se *Die koggelaar* deur 'n ekokritiese lens. Reinhardt Fourie se MA-verhandeling (2011) is toegespits op 'n postkoloniale en ekokritiese lesing van Marlene van Niekerk se *Agaat*. Susan Smith se artikels lewer sedert 2012 'n baie belangrike bydrae tot die konkretisering van ekokritiese teorie binne die kader van Afrikaanse literatuuronderzoek (Smith 2012a, 2012b, 2014 en 2015b). Sedert 2006 publiseer ek ook gereeld navorsingsresultate van my verkenning van die ontledende en hermeneutiese moontlikhede wat opgesluit lê in Afrikaanse prosawerke wanneer dit vanuit 'n ekokritiese perspektief ontsluit word (byvoorbeeld Meyer 2014a, 2014b, 2015a en 2015b). Corné Coetzee (2015) se artikel handel oor stedelike ekokritiek as lens vir die lees van sewe gedigte met 'n stadsagtergrond.

Aangesien hierdie ondersoek die toepassing van ekokritiese beginsels op die terrein van die Afrikaanse teksontleding behels, kan dit waardevolle vordering bring op die gebied van die plaaslike ekokritiese literatuurkritiek. Die bestudering van tekste vanuit 'n ekokritiese oogpunt is uiteraard ook een van die wyses waarop sekere konsepte en idees binne die veld van die ekokritiek verfyn kan word. Hierdie ondersoek bied dus die geleentheid ter benutting van sekere teoretiese idees, nie slegs om *Die sideboard* beter te verstaan nie, maar ook om tot 'n beter begrip van daardie spesifieke teoretiese konsepte te kom.

In *Die sideboard* verloor Abraham die grond wat sy mense in vrugbare landbougebied omskep en oordeelkundig benut het. Sy “voormense” het groot dele van die land besit en bewerk “voor die verneukspul gekom het” (17). Die verhaal speel af in die 1940's en 1950's; Abraham loop hom vas teen die politieke magsisteem van daardie tyd. Hy is die seun van ma Miena – “afstammeling van een van die Hottentotstamme wat tussen Knysna en die Langekloof rondgeswerf het” – en pa Gabriël, “wit van vel, met blougrys oge”, wie se ma 'n

nooi Le Roux was, “’n wit vrou uit Uniondale se deel van die Langekloof” (14). Die interpretasie van strukture van politieke, ekonomiese en sosiale oorheersing, in *Die sideboard* uitgebeeld vanuit ’n kulturele perspektief wat minder bekend in die Afrikaanse letterkunde is, maak die roman tematies betekenisvol.

Dit moet egter duidelik gestel word dat die postkoloniale konteks slegs die agtergrond vorm waarteen mens-plant-verbintenisse ondersoek sal word en teorie uit die veld van die ekokritiek geïmplementeer sal word. Die fokus sal deurentyd daarop gevestig bly om vas te stel hoe daar in die roman van die mens se dominerende beskouing ten opsigte van natuuraspekte ontslae geraak word, soos wat ook op politieke en sosiale vlakke daarteen geprotesteer word. Teen die agtergrond van die magsbeheer oor mense, soos Abraham en sy gesin dit beleef, kry die verbreking van die patroon van oorheersing oor die plantewêreld waarop die soeklig tydens die ondersoek val, besondere betekenis.

Die sorgsame benutting van die stukkie aarde waar Abraham en Miena groente kweek, lewer steeds goeie resultate. Abraham beleef met genoegdoening die oordadige drakrag daarvan: hulle oes wortels, boontjies, ertjies, pampoen, aartappels en patat. Aan Stella, die onderwyseres saam met wie hy droom oor “’n stuk swart aarde waar jy oeste kan afhaal en kinders kan grootmaak”, verduidelik hy die kerngesonde verhouding met dié aarde, die beginsel van neem én gee: “Ons kén die grond. Ons weet wat die grond kan gee. Wat hy vra” (33).

Die eienaar by wie die grond gehuur word, verkoop dit egter aan die regering vir die doeleindes van bosbou; enkele jare later is Abraham sy huis en aangrensende groentetuin finaal kwyt wanneer die regering besluit om ’n landboukollege daar te bou. Die planne van ontwikkeling en vooruitgang wat die regering se besluite motiveer, lei direk tot die ontneming van boerderygeleenthede vir die bruin gesin.

Die postkoloniale nuanses in die roman wat tot dusver uitgespel is, plaas dit binne die kader van die postkoloniale ekokritiek.

Guha en Martinez-Alier (1997:196) stippeel die postkoloniale situasie uit:

[T]he ways in which state-planned industrialisation in postcolonial environments, even while it claims to practise one version or other of sustainable development, has succeeded in pauperizing millions of people in the agrarian sector and diminishing the stock of plant, water and soil resources as a terrifying rate.

Ekologiese imperialisme kry duidelik in die verhaalgegewe van *Die sideboard* beslag, en spesifiek die vorm daarvan wat Huggan en Tiffin (2010:4) *environmental racism* noem, oftewel omgewingsrassisme, wat beskryf word as die verbinding van ras met omgewing op so ’n wyse dat onderdrukking van die een gekoppel is aan, en ondersteun word deur, die onderdrukking van die ander. Omgewingsrassisme is, volgens Huggan en Tiffin (2010:4), ’n sosiologiese verskynsel wat beslag kry en geïllustreer word deur diskriminerende praktyke met betrekking tot omgewingskwessies en teen sosiaal gemarginaliseerde of ekonomies benadeelde mense gemik is.

Groot Koos Venter in *Die sideboard*, wat ook in Abraham se omgewing boer, meen “sy witgeit stel hom bo ander mense”. Hy verduidelik aan sy seun dat die lewe bestaan uit

wenners en verloorders en verklaar: “Ons, die Afrikaner, die Boerevolk, ons is nou die wenners” (36). Wanneer die bevel van die magistraat kom dat Abraham die plot “vandag nog leegmaak”, daag Venter op om “te help trek”, maar Abraham verset hom en kry ’n vuishou in die gesig (42–4).

Ekologiese imperialisme en konsepte wat daarmee saamhang, soos omgewingsrassisme en biokolonisasie (*biocolonisation*),³ waarin terme uit die studieterreine van die postkoloniale studies en ekologiese studies saamgetrek word, is aanduidend van die pogings om hierdie terreine byeen te bring. Die doel hiervan is om teen voortgaande imperialistiese en oorheersende gebruike op sosiale en omgewingsvlakke te protesteer en om tot dieper insig en begrip ten opsigte van sekere kwessies en verskynsels te kom.

Huggan en Tiffin (2007) verwys na die bondgenootskap tussen postkoloniale studies en omgewingstudies as groen postkolonialisme (*green postcolonialism*). Cilano en DeLoughrey (2007) noem dit postkoloniale ekokritiek (*postcolonial ecocriticism*).

Dié ineenstroming van ondersoekterreine word deur Mukherjee (2006:144) as voor die hand liggend beskou:

Surely, any field purporting to theorise the global conditions of colonialism and imperialism (let us call it postcolonial studies) cannot but consider the complex interplay of environmental categories such as water, land, energy, habitat, migration with political or cultural categories such as state, society, conflict, literature, theatre, visual arts. Equally, any field purporting to attach interpretative importance to environment (let us call it eco/environmental studies) must be able to trace the social, historical and material co-ordinates of categories such as forests, rivers, bio-regions and species.

Buell (2005:97) verwys na die onderskeie ideologiese uitgangspunte van postkoloniale studies en die ekokritiek; ook hy vind ’n saamvloei na ’n ontmoetingspunt moontlik:

Postcolonial critiques of European imperialism and colonialism have from the outset been informed by ethical and political concerns, while the burgeoning area of environmental analysis and critique, particularly though by no means exclusively in the humanities, has in large part emerged out of genuine alarm at the future of the planetary environment and its inhabitants. Such concerns come in the wake of taken-for-granted human domination where anthropocentrism and western imperialism are intrinsically interwoven. Consequently, both postcolonial critique and eco/environmental studies have been, and remain, deeply polemical.

Wat deur die bondgenootskap tussen die postkoloniale en ekokritiese studieterreine aan die lig gebring word, meen Huggan en Tiffin (2010:12), is die behoefte aan ’n breë begrip vir die veranderende verhouding tussen mense, diere en omgewing – een wat op sy beurt aandag vra vir die kulturele prosesse van representasie en vir “those processes of mediation [...] that can be recuperated for anti-colonial critique”. Hierdeur word die rol van literêre verbeeldingsprodukte in die taak van die postkoloniale ekokritiek beklemtoon, saam met

a set of aesthetic preferences for ecocriticism which is [...] attentive to those forms of fictional and non-fictional writing that highlight nature and natural elements

(landscape, flora and fauna, etc.) as self-standing agents, rather than support structures for human action, in the world. (Huggin en Tiffin 2010:13)

Binne die groter Suid-Afrikaanse literatuurstudieveld is enkele waardevolle ondersoeke reeds vanuit die gekombineerde vertrekpunte van die ekokritiek en die postkoloniale studies onderneem. Die mees onlangse hiervan is Reinhardt Fourie se MA-verhandeling (2011), waarin hy *Agaat* (Marlene van Niekerk) ontleed en interpreteer uit so 'n kombinasie van oogpunte. Fourie ondersoek die verhouding tussen sekere romankarakters en plek, spesifiek Grootmoedersdrift en die aspekte van grond, plantegroei en dierelewe op die plaas, om vas te stel hoe hierdie natuurelemente benut word in die uitbeelding van postkoloniale magsverhoudings tussen die karakters.⁴

Vroeër het ook Vital (2008), Wylie (2007) en Woodward (2003) hulle op die gebied van die postkoloniale ekokritiek begeef. In Vital se artikel word J.M. Coetzee se roman *Life and times of Michael K* ondersoek as voorbeeld van die verweefdheid van postkoloniale en ekologiese denke. Vir hom is die idee van 'n Afrika-ekokritiek te koppel aan vroeë omtrent die spesifieke betekenis wat plaaslik aan die natuur toegeken word, en omtrent wat dit oor die hede en verlede van mense hier verrai (Vital 2008:88).

Wylie (2007) ondersoek die moontlikheid of die verwoording van die San-wêreldbeskouing, spesifiek die “ander” waardes, ekologiese strategieë en inheemse kennissisteme soos opgeteken in tekste van Alan James en Antjie Krog, 'n gelokaliseerde basis vir 'n Suid-Afrikaanse ekokritiek kan verskaf. Hy beredeneer die betekenisimplikasies daarvan om 'n ekologies-georiënteerde literêre kritikus in Suid-Afrika te wees en pas Fernando Ortiz se idee van transkulturaliteit toe in 'n poging om ons land se diverse kultuurgeskiedenis byeen te bring (Wylie 2007:266–7).

Woodward se artikel (2003) val binne die veld van dierestudies en plaas literêre voorstellings van diere binne 'n gehistoriese kultuur, terwyl sy dit duidelik stel dat ekologieë onlosmaaklik van politiek en kultuur is (Woodward 2003:290). Drie skrywers van suidelike Afrika, Zakes Mda, Yvonne Vera en Mia Couto, se werk word bespreek om aan te dui op watter wyses hulle koloniale diskursiwiteit omtrent die natuur in hulle postkoloniale tekste weerspreek.

2.2 Die nuwe materialisme

Die kern van Van der Veen se artikel “The materiality of plants: plant-people entanglements” (2014) is dat plantlewe 'n natuuraspek is wat buite die antroposentriese denkraamwerk beskou en ondersoek behoort te word. In ondersoeke na plante, voer Van der Veen (2014:800) aan, moet die beskouing van plante as passiewe objekte laat vaar word en behoort die aspek van die materialiteit daarvan aandag te verdien. Hierdie artikel van Van Veen dien as die teoretiese basis vir die ontleding van mens-plant-verbintenisse in *Die sideboard* in die volgende afdeling.

Van der Veen (2014) beklemtoon die sentrale plek van plante in die mens se lewe en ook hoe belangrik die onderwerp van mens-plant-verhoudings in navorsingsondersoeke in die argeologie en omgewingsargeologie geword het. Tot dusver was die benadering tot plante hoofsaaklik antroposentries – met aandag aan die mens se beheer oor en beskadiging van plantlewe. In onlangse ondersoeke na mens-objek-verhoudings in die argeologie word egter

nie meer gefokus op wat spesifieke voorwerpe vir die mens beteken nie, maar op wat deur hierdie voorwerpe, en op grond van hulle eie aard, verrig kan word en op wat hulle in werklikheid is (Van der Veen 2014:799). Sy self benut die materialiteit van plante en die idee van plante in 'n handelende rol (*plant agency*) om mens-plant-verhoudings te ondersoek. Sy fokus op ingewikkelde vorme van vervlegting (*entanglement*) of netwerke (*networks/meshworks*) wat, dikwels onbedoeld, geskep word wanneer plante en mense in interaksie tree.

Die nuwe materialisme is 'n teoretiese terrein wat verskeie dissiplines dien, onder andere dié van die natuurwetenskappe, filosofie en literatuurteorie en -kritiek,⁵ en waarbinne herbesinning plaasvind oor materialiteit – dit waaruit ons liggame en die natuurlike wêreld gemaak is. Binne die teoretiese raamwerk van die nuwe materialisme word natuurelemente nie as passiewe sosiale konstruksies beskou nie, maar eerder as vorme van bemiddelende krag wat interaksie met en verandering of beïnvloeding van ander elemente teweegbring, ook van die mens (Alaimo en Hekman 2008:7, Smith 2012b:892).

Oppermann (2013:72) stel dit só:

The new materialists perceive nature as an active, signifying force; an agent in its own terms [...]. Being thus liberated from its previous conceptualizations as a blank, silent resource for the exploits of culture [...] nature is discussed as a significant participatory force field in the entanglement of meaning and matter.

Die idee dat materie 'n mag van beïnvloeding (“agentic power”) uitoefen, ook oor die mens, lei tot Bennett (2010:xvi) se gevolgtrekking dat menslike magte en beïnvloedingsvermoë weerklank vind in dié van niemenslike bestaansvorme, met die gevolg dat daar 'n teenvoeter bestaan vir die narsistiese idee dat die mens in beheer van die wêreld is. By die konsepte *materie* en *materialiteit* word menslike en niemenslike liggaamlikheid ingesluit, en sowel lewende as nielewende stowwe, substansies of kragte (Oppermann 2013:71). Smith (2014:755) beskryf ook – in navolging van Alaimo en Hekman (2008:1) – materie as 'n meervlakkige konsep wat die materialiteit van sowel die menslike liggaam as die natuurlike en nienatuurlike wêreld insluit en nie beperk is tot die eng dualisme van lewend/nielewend, menslik/niemenslik nie.

Coole en Frost (2010) vat die sleutelinsigte van die nuwe materialisme soos volg saam:

Conceiving matter as possessing its own modes of self-transformation and self-organization, and thus no longer as simply passive or inert, disturbs the conventional sense that agents are exclusively human and possess the cognitive abilities, intentionality, and freedom to make autonomous decisions and the corollary presumption that humans have the right or ability to master nature. Instead, the human species is being relocated within a natural environment whose material forces themselves manifest certain agentic capacities [...] Matter is no longer imagined here as a massive, opaque plenitude but is recognized instead as indeterminate, constantly forming and reforming in unexpected ways.

Van der Veen (2014:799) benadruk die feit dat die konsep *materialiteit*, ten opsigte van die presiese omskrywing en die gebruik daarvan, die afgelope tyd aan die verander is:

[It] has changed from an initial focus on the agency of objects, that is the recognition of material and non-human agency, to a greater emphasis on relationships, networks and meshworks, rather than on the individual agency of either person or object. (Van der Veen 2014:799)

Hiermee stem Robb (2016:505) saam. Hy beskou die eienskap van dinamiese aktiwiteit en beïnvloeding (“agency”) waaroor materie beskik, as altyd relasioneel en konteksgebonde:

[I]t is always defined in the context of a relationship between an agent and a recipient. Hence material things can be agents as long as humans interact meaningfully with them. [...] The idea of material agency loses its shock value if we stop treating agency as a zero-sum quantity associated with individual, volitional mastery. It makes perfect sense within a relational view of agency; people act within relationships with things as much as with other individuals and groups.

Coole en Frost (2010:9) sluit die aspek van relasionaliteit ook pertinent in by hulle beskrywing van materie as ’n verhoudingsgefundeerde krag of vitaliteit (“a force, vitality, relationality”), met die verdere eienskappe dat dit ook selfskeppend, produktief en onvoorspelbaar is. Ook Ingold (2016:14) argumenteer dat die omgewing ’n wêreld is wat voortdurend ontvou in verhouding tot die wesens wat ’n bestaan daarin maak. Hy beskryf sy oortuiging só: “(I)ts reality is not *of* material objects but *for* its inhabitants.” Sy slotsom is dat die eienskappe van materie, wanneer dit as die samestellende dele van ’n omgewing beskou word, nie geïnterpreteer kan word as vasgestelde kenmerke van voorwerpe nie, maar bestudeer moet word in verhoudingsverband (“they are rather relational”).

In hierdie ondersoek word die onlangse neiging in die nuwe-materialisme-benadering ten opsigte van die beskouing van die beïnvloedingsmag van plante gevolg. Die doel van die ondersoek is die opspoor, ontleding en beskrywing van relasionele eienskappe in die uitbeelding van mens-plant-interaksies in *Die sideboard*. Die ondersoek word gerig deur ’n skerp fokus op die verskynsel van interafhanklike verbintenisse, op die wyses waarop die mens in liggaam en gees met plante verknoop raak en hoe mense deur plante beïnvloed word op die vlakke van die psige en identiteit in hierdie roman. Só word gepoog om bevestiging te vind van die teoretiese standpunt dat plante as vorme van werkende krag optree binne die konteks van dinamiese verhoudings met die mens.

Abraham se droom oor ’n lappie aarde behels, vanuit die staanspoor in die roman, veel *meer* as die blote begeerte om ’n stuk grond winsgewend te bestuur. Verhoudingsdimensies en vervlegtings kom ter sprake in die uitbeelding van boer en plant; hierdie verbintenisse word uitgebeeld op ’n wyse wat antroposentriese beheer as aanvaarde uitgangspunt in die hantering van plante uitdaag en ’n nuwe perspektief op die rol van plante bied. Van der Veen (2014:806) praat van die verhoudingsweb of -weefsel (*webs of relationality*) tussen mens en plant, en verduidelik dat plante en mense verstriek raak in wederkerige verhoudings. Mense word in ’n dubbele verbintenis vasgevang, aangesien hulle afhanklik raak van iets (plante) wat van hulle versorging afhanklik is.

Die bestudering van hierdie interafhanklike verbintenisse in *Die sideboard* vind in die volgende afdeling plaas, met die doel om op literêre vlak bevestiging te vind van die teoretiese standpunt dat plante oor die beïnvloedingsmag beskik om mense in vervlegtings of onontkombare verhoudings vas te vang.

Die klemverskuiwing ten opsigte van die betekenisinhoud van materialiteit, wat Van der Veen (2014:799) en Robb (2016:505) beklemtoon en wat beslag kry in die aandag aan verhoudings en die vervlegtings of verweefdheid van menslike en niemenslike bestaan, is volgens Iovino (2016) die beste te begryp in die lig van wat die posthumanistiese benadering bied. Iovino (2016) verwys na eietydse teoretici soos Karen Barad, Stacy Alaimo en Serpil Oppermann wat vanuit 'n posthumanistiese denkraamwerk funksioneer in hulle verwerping van die dogma van menslike uitsonderlikheid en aandrang op wyer perspektiewe op die heelal. Hierdie aandrang is gebaseer op 'n afwysende standpunt ten opsigte van die idee van skeiding tussen menslike en niemenslike bestaansvorme. Daarmee saam word 'n standpunt van verwerping ingeneem ten opsigte van idees oor die mens se bevoorregte posisie en regte ten opsigte van geluk en die ontwikkeling van individuele potensiaal, wat die grondslag van humanistiese denke gevorm het en deur Thoreau beskryf is as die eiewaan van die menslike ras (Iovino en Oppermann 2016).

Posthumanistiese denke moedig ons aan om 'n wyer beeld van die heelal te vorm en die eiewaan van die mens te troef deur die bestudering van byvoorbeeld die vreemde simbiose in die mikrobioom van ons liggaam. Braidotti (2009:526) praat van

a composite landscape residing inside our bodies, where “human” cells are outnumbered by thousands of species of fungi, archaea, and anaerobic bacteria, that – by digesting our food, cleaning our blood, counteracting toxins, and hydrating our skin – are simply indispensable to our being alive.

Dit is vir Braidotti 'n onweerlegbare bewys dat menslike bestaan, letterlik gesproke, die oorsteek van grense van “menslike natuur” impliseer.

Sullivan (2014:92) bring die posisie van die mens, in onskeibare vervlegting met die natuur, só onder woorde:

The human and nature are confluent, co-emergent, and defining each other in mutual relations. [...] Such vision pictures a wildly dynamic world: a world characterized by the steady negotiation of our bodily boundaries in relationship to other bodies and the surrounding matter in the environment.

Wanneer daar vertrek word vanaf die jongste uitgangspunt dat materie binne konteks van netwerke, vervlegtings en verhoudings beskou behoort te word (Van der Veen 2014:799, Robb 2016:505), vestig die nuwe materialisme die aandag op die byna spontane ontmoeting tussen die posthumanisme en die letterkunde, spesifiek dan die literêre subdissipline van die ekokritiek. Iovino (2016) voer aan, met unieke formulering, dat “material phenomena are knots in a broad web of agencies, which can be interpreted as producing narratives.” En ook: “All matter [...] is ‘storied matter’. It is a material ‘mesh’ of meanings, properties, and processes, in which human and nonhuman players are interlocked in networks that produce undeniable signifying forces” (Iovino en Oppermann 2014:1–2).

Uit die materiële ekokritiek kom dus 'n posthumanistiese uitbreiding te voorskyn met 'n fokus op die mens se vervlegte bestaan met natuurelemente soos plante, water en klip. Iovino (2016) se mening is:

The project of posthuman ecocriticism is to attend to animal, water, stone, forest, and world – and not to deny force, agency, emergence or thriving to any of these entities, all of which act, all of which are story-producing [...] in that they expressively challenge the idea of mute distinctions and inflexible boundaries between human and nonhuman matters.

Die navorser se eie kritiese ingesteldheid teenoor die uitgangspunte van die nuwe materialisme is uiteraard belangrik. Dis is nie voldoende om 'n stuk ontwikkeling wat op die voorpunt van hierdie teoretiese veld aan die gebeur is, slegs teoreties te verken nie. Die identifisering van 'n belangrike nuwe tendens, naamlik dat die kernkonsep *materialiteit* in die onlangse tyd beskryf en gebruik word met aandag aan verhoudings as konteks vir die interaksie tussen magte van beïnvloeding en die substansies wat beïnvloed word, moet verder gevoer word. In die navorsingswêreld van die literatuurkritiek geld dat een van die belangrike wyses waarop nuwe teorie getoets en krities beoordeel kan word, in die toepassing daarvan lê. In die volgende afdeling van die artikel word die spesifieke, geïdentifiseerde aspek van die nuwe-materialisme-benadering dus toegepas in 'n kritiese teksontleding. Die teks word as 't ware gebruik om die teorie te verskerp. In die proses word nuwe grond betree. In die reeds genoemde navorsing wat deur myself en Susan Smith onderneem is om aspekte van die nuwe materialisme in Afrikaanse tekste te verken, is nie aan die aspek van relasionaliteit in die hantering van die konsep *materialiteit* aandag geskenk nie.

Die idee van plante as beïnvloeders van die mens, selfs op psigiese vlak, lei in die volgende afdeling van die artikel tot die ontdekking van aspekte van beïnvloeding ook ten opsigte van die karakters se identiteitsbevestiging en -belewing. Die aspekte van identiteit wat ter sprake sal kom, is eerstens dié van *persoonlike identiteit*, wat in James Fearon se waardevolle artikel “What is identity (as we now use the word)?” geskei word van *sosiale identiteit* – met laasgenoemde vorm van identiteit beskryfbaar as 'n sosiaal-gekonstrueerde kategorie, 'n groepering van mense geëtiketteer deur menslike denke en diskoers (Fearon 1999:2, 15). Persoonlike identiteit, daarenteen word deur Fearon (1999:20–2) beskryf met verwysing na 'n stel eienskappe, oortuigings of gedragbeginsels wat die grondslag vorm van wie en wat 'n mens self dink jy werklik is; wat jou as individu, volgens eie oordeel, van ander onderskei. Dit is hierdie persoonlike onderskeidende karaktertrekke wat 'n individu se selfrespek, trots en eiewaarde bepaal en sy/haar gedrag oriënteer en bepaal.⁶

Die tweede aspek van identiteit wat ter sprake sal kom, spesifiek in die ontleding van die mens-plant-verbintenisse in hierdie roman, is *ekologiese identiteit*. Hierdie term is deur Mitchell Thomashow geskep om te verwys na die verskeidenheid van wyses waarop mense hulleself “verklaar” of interpreteer in verhouding tot natuuraspekte, en hoe hierdie interpretasies manifesteer in hulle selfbewussyn, waardes en optrede (Thomashow 1996:19). Zavetoski (2003:301) se siening van ekologiese identiteit sluit direk hierby aan: “Ecological identities seem to emerge from direct experiences in nature that reframe individuals’ experiences of themselves in light of a connection to a natural world that is exogenous to culture or society.” Ook Verhagen (2010) verwys in sy beredenering van hoe ekologiese identiteit ontdek en uitgebou kan word, na Thomashow se definisie van hierdie konsep.⁷

In die volgende afdeling word *Die sideboard* bespreek aan die hand van die ontrafeling en beskrywing van die plant-mens-verbintenisse waar mense vorme van beïnvloedingsmag met plante deel en hulle bevind in verhoudings van aanhanklikheid ten opsigte van die plante waarna hulle omsien. Wat ondersoek word, is die komplekse weefsel van verbintenisse

waaruit vele bewyse ontstaan van die belangrikheid van plante vir die mens, op 'n heeltemal ander vlak as binne die verbruikerskonteks.

3. Mens-plant-verbintenisse in *Die sideboard*

Tekens van die bewuste skakeling tussen mens en plant is reeds met die aanvang van die roman opvallend. Waar Abraham hoog teen die Outeniekwaberge teeblare pluk, is hy sintuiglik vasgevang deur die plantlewe rondom hom: “Abraham eien die kruie soos hy klim: wildeals en oondbossie en gansbossie” (9); hy proe die plantwortels wanneer hy uit die stroom drink (12). Sy fyn ingesteldheid op plantreuke en -teenwoordigheid bevestig reeds iets van 'n sensoriese betrokkenheid by plante uit eie keuse en plesier, van Abraham se erkentlikheid ten opsigte van die subtile rol wat plante speel in die behae wat hy in die dag vind: “Die seisoen het geil geruik daar op die berg. Die heide en die groen fynbos [...] En nou, soos hy die dorp inry, ruik hy dit in die asters en die rose in die tuine. In die dennebome met die klein groen knoppe” (16).

Van der Veen (2014:809) argumenteer dat mens-plant-verbintenisse vorm kry vanuit die subtile, alledaagse impak van plante op die vlak van sowel liggaam as gees. Reeds in sy versorging van blomme verrai Abraham 'n verknogtheid van gees; sy seun wat hom in die blomtuin dophou, merk op: “Kyk hoe praat hy met hulle [die blomme]” (139). Dis egter veral wanneer Abraham met sy groente werk dat helder beelde voor die lesersoog ontstaan van wat Van der Veen (2014:806) die “interwoven lines” oftewel die vervlegtings tussen mens en plant noem, die fyn web van verhoudingsdrade, die onderlinge afhanklikheid waarby ook die dimensies van die gees betrek word. Terwyl Abraham ná die lang winterreëns van 1944 die nuus probeer verwerk dat Die Eiland “wit verklaar is”, spandeer hy opnuut en nougeset aandag aan sy tuin, op soek na tekens van slakke wat deur die reën gebring kon gewees het en wat sy groente kan aanval. Hy hanteer die plante met ooglopende toegeneentheid, met 'n ingesteldheid van beskerming en vertroeteling wat weinig te make blyk te hê met kommer oor die finansiële voordele van die oes wat hulle kwyd mag wees wanneer hulle die grond moet verlaat.

Abraham vroetel sagkens met sy vingers rondom die stingel van 'n jong aartappelstoel. [...] Dan haal hy dit uit: twee onderontwikkelde aartappeltjies. Klein, maar die ene belofte. Hulle klou nog aan die naelstring, loer nuuskierig na die helder son. Abraham voel tegelyk beskermend jeens die vruggies, dankbaar én onrustig. Woordeloos bid hy. “Here, moenie dat ons hierdie ongeboore groentetjies té vroeg moet uithaal nie.” (195)

Deur die personifiëring van die plantlewe vind hier 'n gelykstelling van mens en plant plaas, en word verdere versterking gevind vir die idee dat Abraham die rol van plante in sy lewe besonder kosbaar ag.

Die groente is afhanklik van sy sorg, maar wat hier uitgebeeld word, is die “mutual dependence” waarvan Van der Veen (2014:804) praat en wat sy só beskryf:

A fully domesticated plant cannot survive without the aid of man. But through day-to-day engagement with plants, in the sense of tending and cultivating growing crops

[...], farmers' daily and monthly rhythms are tied to the life cycle of these crops. People have become so "dependent" on these crop plants that, in some way, the plants have "domesticated" people. (Van der Veen 2014:806)

Tydens hulle verblyf op Die Eiland is die groenteboerdery uitgebrei deur die aanplant van 'n vrugteboord, "geil en goed bewerk" (139), waarvan die doel klaarblyklik nie die verhandeling van die oes is nie, maar om vir die gesin tot nut te wees – as gesonde voedingsbron, en veral om die vreugde van die groei en die bloei te beleef en dié ervarings met die kinders te deel. Terwyl Abraham met verskillende vrugtebome eksperimenteer, ontdek hy met kwalik bedekte opwinding geheimenisse omtrent daardie presiese tye in die jaar wanneer "krismispruime" en "vleispruime" ryp word, die subtiele verskille in die smaak van "soetpeertjies" en "waterpere" (139). Hy beleef met groot genoegdoening die wonder van die ritmiese ineenskakeling van bome se groeipatroon met die gang van seisoene en van die ontwikkeling van vruggies wat hierdie harmonie bevestig: "Elke jaar in Oktober kom die klein groen pruimpies uit. Onverwags, almal tegelyk, so asof hulle dit skelmpies beplan het" (139). Hy laat die kinders toe om tussen die blomme te speel; hy gaan voort met "'n verspotte dans met oorlogsbewegings en iets soos ballet" (139). Ook die boord is vir die kinders 'n plek van ontdekking en eksperimentering onder hulle pa se aanmoedigende oog. Die onsuksesvolle appeloës lei tot kreatiewe kinderspel, omdat Abraham die waarde daarvan insien om die kleingoed tussen die takke en die blare te laat rinkink terwyl hulle die onbruikbare klein vruggies op 'n verbeeldingryke manier benut in die ontwikkeling van "vérgooi"-vaardighede (39). Hier word interessante bevestiging gevind van die wyse waarop Van der Veen (2014:804) meen dat tuinboerderye, omdat hulle dikwels nader aan huise is, meer gereelde en direkte hantering van plante tot gevolg het, 'n groter vertrouwdheid met die plante in die hand werk en dikwels ook 'n invloed op die boer se lewensuitkyk het.

Die lewe én lewensbeskouing van die boer word deur die plante wat hy kweek, geraak, voer Van der Veen (2014:805) aan. Sy voer aan dat boere se verbintenis tot die prosesse van plant, bewerk en oes 'n sterk bydraende faktor is ten opsigte van hulle ontwikkeling tot wie hulle uiteindelik is, aangesien hulle lewens gerig en gereguleer word deur plante – deur hulle lewensiklusse, behoeftes en die unieke aard en eise van verskillende plante. Verder word gesê, ten opsigte van die lewensingesteldheid wat uit die noue kontak met plante groei, dat die roetine van plantversorging die wyse help bepaal waarop die boer die wêreld beskou en daarop reageer (Van der Veen 2014:804). Wanneer Abraham se gesin en gemeenskap vanaf Saasveld na Die Eiland verskuif word, word sy hoopvolle ingesteldheid uitgebeeld as direkte uitvloeisel van sy plan om weer plante aan die groei te kry rondom hom. Die proses van ontworteling is op sigself aanvanklik pynlik; Abraham sê: "Nes ons op 'n plek wortel geskiet het, dan moet ons daar uit" (46). In die metafoor van die mens as plant is weer blyke van die gelykstelling van mens en plant. Hierdeur word die waarde wat aan plante geheg word, opnuut beklemtoon. Aanvanklik stoei Abraham se gees met die idee van verplanting – "Ek weet nie of ek hier gaan akkideer nie" (46) – maar dan stap hy die nuwe erf deur, bekijk die grond, en die moontlikheid om weer die prosesse van groei te beleef, gee hom moed:

Hy trek 'n pol gras uit. Dit lig maklik uit die donker grond. Hy skep 'n hand vol grond en vryf dit tussen sy vingers. Dit wriemel van die pienk erdwurms.

Hierdie is dalk tog, ondanks die omstandighede, 'n nuwe begin vir hom en Stella. (46)

Dat die grond verwaarloos en oortrek van die onkruid is, skep uitdagings, maar Abraham se fokus is dié van 'n boer wat hunker daarna om weer plante te sien ontkiem en groei: "Abraham adem diep aan die effense muf reuk van die vars omgedolde aarde. [...] Hy sal jok as hy sê die werk en die vooruitsigte van wat hulle met hierdie aarde kan doen, maak hom nie opgewonde nie" (47). Ook Mieta se fyntuin word dadelik geplant (48). By beide ma en seun is 'n soort aanhanklikheid op te merk, 'n mate van emosionele steun op die vastigheid wat uit bestendige groeipatrone te put is en wat hulle laat glo die vestiging van plante kan die eerste stap in die rigting van oorlewing wees. Die mens se afhanklikheid word hier selfs sterker beklemtoon as dié van die plant – 'n besonder duidelike demonstrasie van die gedagte dat plant en mens verstriek raak in wederkerige verhoudings en van die dubbele verbintenisse waarin mense vasgevang word, aangesien hulle afhanklik raak van iets (plante) wat van hulle versorging afhanklik is (Van der Veen 2014:806).

Die uitbeelding van mens-plant-verbintenisse in *Die sidebar* belig ook die idee dat die mens se verhouding met plante 'n rol kan speel in sy identiteitsbevestiging en -belewing. Vir Abraham behels die opvoedingstaak die vorming van sy kinders se oortuigings en gedrag asook hulle idees omtrent wie en wat hulle ten diepste is. Met hierdie taak konsentreer hy spesifiek daarop om vaardighede ten opsigte van die hantering van plante by sy seuns te kweek. Sodra hulle oud genoeg is om te leer tuinmaak, word hulle planmatig hierby betrek: "Die groter kinders kon skoffel en selfs ploeg, terwyl die kleineres die plantwerk moes doen" (158). Die rede hiervoor is klaarblyklik nie om ledigheid teen te werk nie, maar om 'n waarderende ingesteldheid by sy kinders te skep; "[J]ulle moet 'n liefde vir die grond hê," prent Abraham by hulle in (158). Dus word daar van jongs af 'n boodskap by die De Bruin-kindere gevestig omtrent die uniekheid wat hulle van vele ander kindere onderskei: om met plante besig te wees en die grond vaardig te kan bewerk, word deel van die positiewe selfbelewing waaruit 'n groot deel van die De Bruins se gesinstrots groei. Abraham reageer met onverbloemde trots op sy seuns juis wanneer hulle hul as bedrewe planters bewys: "Mmm ... die mannetjies het mooi geplant. Mooi in netjiese rye en die bone ewe ver uitmekaar" (159).

Ook lewensvaardighede soos deeglikheid en 'n metodiese aanpak van take word by Abraham se kindere ingeprent terwyl hulle in die geheimenisse van 'n groentetuin ingewy word.

Een aartappel per gat, mooi in die middel. Bone en erte is so agt duim uitmekaar geplant. Patats is in Oktober geplant met stengels in die grond, wat dan met die kant van die voet vasgetrap word. Daarna is alles mooi gehark, die aartappels opgeërd [...] sodat die aartappels mooi kan stoel onder die grond. (158)

Eerstens word Abraham se seuns hier ingelyf by die wêreld van waardering en fyn kennis omtrent plante en die hantering daarvan en leer hulle reeds iets wat Van der Veen (2014:805) as tipies beskou van die impak van plante op menselewens, naamlik dat hulle lewens gerig en gereguleer word deur die lewensiklusse, behoeftes en die unieke aard en eise van plante. Dit is op grond hiervan, onder andere, dat Van der Veen (2014:808) verklaar dat plante sonder twyfel oor beïnvloedingsmag beskik en 'n uitwerking op die mens se lewe het wat nie gering geskat moet word teenoor die invloed wat die mens op plante het nie. Tweedens word elemente van eiewaarde en selfrespek op 'n subtiele wyse deel gemaak van die persoonlike identiteit van jong kindere wat reeds 'n besondere vaardigheid op 'n sekere lewensterrein aanleer.

Die lewenslesse wat Abraham met die plant van aartappels oordra, na alle waarskynlikheid 'n doelbewuste poging om tot die selftrots van die kinders by te dra, mag spruit uit die feit dat sy eie selfbeleving intiem vervleg is met sy besondere knaphandigheid met plante. As duidelike demonstrasie hiervan dien die gebeure rondom die skoolhoof se besoek: die hoof probeer Abraham oorreed om vir Albert en Johnny verder te laat studeer, maar Abraham sien dit aanvanklik as onnodig, aangesien sy eie beleving van sukses as mens baie sterk gekoppel is aan die sukses wat hy ervaar met "plant en snoei". "En dit leer ek hulle ook," redeneer hy met die skoolhoof (165). Stella versterk Abraham se beleving van eiewaarde wat deur sy slag met plante oor die algemeen – en spesifiek ook met sy groenteboerdery – ontstaan; sy wys hom selfs op die onvervreembare aard van hierdie besondere deel van sy identiteit: "Jy is goed [...] in die tuin. Niemand, so lank jy leef, kan dit van jou wegneem nie. En jy gee dit aan, na jou kinders toe" (166).

Hoewel Abraham as 'n jong man sy primêre inkomste uit meubelmakery verdien, beskou hy homself as bestem vir 'n *ander* pad – hy wil groente kweek, ter wille van die inkomste, maar ook as lewenstaak wat gegrond is op die diep waardering wat hy vir plante koester en op die bewustheid van die onbetwisbare skakels tussen die mens en dit wat die grond voortbring. Met die beloftes omtrent grond wat Smuts tydens die Tweede Wêreldoorlog maak aan mans wat op vrywillige basis by die weermag aansluit en in Noord-Afrika gaan veg, is Abraham opnuut begeester deur die vooruitsig van eie grond, maar nie bloot om besitreg te kan uitoefen nie. "Die grond is soos ... mens, Ma," verklaar hy. Dan voltooi hy sy oortuiging: "Alles begin daar en eindig daar. Adam het uit die grond gekom" (33). Die moontlikheid van lewenslange betrokkenheid by dit wat uit hierdie grond kom, die plant- en groeiprosesse, is vir Abraham 'n belangrike bron van inspirasie en motiveer die besluit om onverwyld by die weermag aan te sluit.

Abraham keer "gekrok" uit die oorlog terug, maar werp hom met hart en siel terug in die groenteboerdery. Op "Harvest Sunday" op Die Eiland, 'n dag deur die Anglikaanse kerk ingestel om die eerste opbrengs van die oes aan behoeftige gesinne uit te deel, stap Abraham "trots en regop" die kerk binne.

Sy offer is 'n mooi boerpampoen, 'n kooksel groenboontjies, 'n koolkop en 'n bossie spinasie. Die koolkop is pragtig groen. Van bo na onder 'n volle nege duim in deursnee en in die dwarste net onder die elf duim. 'n Bossie wortels en 'n bossie beet rond die offer af. (129)

Die trots waarmee hierdie produkte uit die grond vir Abraham vul, die selfrespek wat hy hierin vind nadat hy met leë hande en verydelde drome uit die oorlog teruggekeer het, kan met reg gesien word as een van die sterkste bydraers tot Abraham se beskouing van wie en wat hy meen hy werklik is – dus van sy persoonlike identiteit. Sy toewyding aan die plante wat hierdie oes voortbring, is deel van die persoonlik onderskeidende karaktertrekke wat by Abraham 'n groot rol speel om sy eiewaarde te meet en sy gedrag te rig – die sake wat Fearon (1990:22) direk met identiteit verbind.

Dan moet die De Bruin-gesin wéér oppak, volgens die bepalings van die Groepsgebiedewet, en na Rosemoor trek. Abraham is nie meer 'n jong man nie; verdwaas en aanvanklik nie by magte om dié nuus te verwerk nie, stap hy ure lank "al prewelende in die tuin" (223). Asof hy troos en raad soek by sy plante, "onttrek (hy) hom van alles, doen niks om te help nie, [...] loop op af deur die tuin" (219). Wanneer die gesin in die "metsboksie"-huis in Rosemoor

intrek, is die eerste stap om van die troostelose omgewing iets beters te probeer maak: die oorplant van blomme uit Abraham se tuin in die tuine van Rosemoor se kerk en skool (223). Hoe ontwrig en ontuis die gesin ook al voel, gryp hulle terug na dit wat hulle goed oor hulleself laat voel en waarin hulle trots lê: hulle vermoë om iets te laat groei. “Ons wil môre die tuin tackle,” besluit hulle. “Oor tien dae is dit Kersfees. Die plek moet darem na iets lyk” (235).

In die ontredderde toestand waarin die gedwonge verskuiwing hierdie gesin laat, is hulle wil om blomme en groente in die piepklein erfie te hervestig baie duidelik die belangrikste prioriteit in die proses om weer lewenskoers te vind. Dit is ’n unieke voorbeeld van die literêre bevestiging van Van der Veen (2014:809) se standpunt dat die vervlegting van plant- en menslike bestaan waarneembaar is op die vlakke van die liggaam *en* die gees. Van der Veen (2014:809) se standpunt behels dat ons, in die proses van plantversorging, tot ’n sekere mate en op ’n emosionele vlak deur plante en die versorgingsprosesse tot hulp gekom kan word, selfs ook daardeur gedefinieer kan word. Haar slotsom is: “Farmers are partly the plants they grow” (2014:809) Aan die einde van die roman is daar groot uitdagings vir Abraham en sy seuns; die grond is “kliphard en arm” (237). Die voorneme om hierdie grond so gou as moontlik vir plante gereed te kry, bring egter ’n gees van vasberadenheid na die oppervlak. “Ons moet kompos onder by die rivier [...] loop haal en hier inwerk,” stel Albert voor. “En mis,” doen Johnny aan die hand (237). Van der Veen (2014:804) meen tereg dat die toewyding teenoor plante en hulle versorging ’n rol speel in hoe hierdie versorgers die wêreld sien en daarop reageer.

Die mens-plant-verbintenisse wat in *Die sideboard* uitgebeeld word, verleen oortuigingskrag aan die uitgangspunt wat Van der Veen (2014:809) huldig in haar treffend bewoorde siening van plante as “agents with which we have dynamic relationships”.

4. Ten slotte

Die sideboard belig op genuanseerde wyse die verskynsel wat die fokuspunt van die ondersoek was: die literêre vergestaltung van die idee dat mens en plant wedersydse beïnvloedingsmag kan uitoefen en in sterk verhoudingsverband figureer. Mens-plant-verbintenisse en -interafhanklikheid, die vervlegting van menslike en niemenslike bestaan – kernkonsepte in die eietydse aksentuering van die verhoudingsdimensies wat die afgelope tyd op die voorgrond tree op die terrein van die nuwe materialisme – word kragtig in hierdie roman geïllustreer.

Dit is duidelik dat Abraham nie slegs groente kweek vir benutting deur sy gesin of om tot sy finansiële welvaart by te dra nie – ’n verhoudingselement kom ter sprake, ’n ooglopende aanhanklikheid van plante en ’n subtile beïnvloeding van sy gees en gemoed, lewe én lewensingesteldheid deur hierdie plantgewasse. Die besigwees met plant en oes het ook ’n impak op Abraham se identiteit. Hy vind dit by uitstek moontlik om aan homself uitdrukking te gee deur die vertroeteling van plante, en die roman illustreer baie duidelik hoe hierdie selfinterpretasie manifesteer in die demonstrasie van sy eiewaarde, oortuigings, trots en gedrag. Abraham se interaksie met plante en sy belewing van ’n vervlegting met die ritme en roetine wat plante en hulle versorging bring, inspireer die wil om persoonlike teenspoed en

ontwrigting te oorkom. Dit is onmisbaar belangrik in sy aanpassingsproses ná elke episode van ontworteling.

Die roman open nuwe perspektiewe ten opsigte van beskouings oor die plek en rol van plante in die mens se lewe, in 'n era waarin antroposentriese sienings ons steeds beïnvloed om plante te beleef in hulle ondergeskikte rol aan mense – as passiewe objekte binne die konteks van boerdery, handel en voedingsbehoeftes. Die bevindings van hierdie ondersoek ondersteun Van der Veen (2014: 799) se argument dat

[C]oncepts such as materiality and entanglement help us not only to foreground the vital importance of plants in human life, but to appreciate that these plants are best studied within the complex webs of relationships that exist between plants, environments and people.

Tussen die bladsye van *Die sideboard* leef mens en plant, inderdaad, vervleg in verhoudings van webagtige fyn kwaliteit.

Bibliografie

Abdelal, R. 2009. *Identity: a guide for social scientists*. Cambridge: Cambridge University Press.

Alaimo, S. en S. Hekman. 2008. Introduction: emerging models of materiality in feminist theory. In Alaimo en Hekman (reds.) 2008.

Alaimo, S. en S. Hekman (reds.). 2008. *Material feminisms*. Bloomington en Indianapolis: Indiana University Press.

Bennett, J. 2010. *Vibrant matter: a political ecology of things*. Durham: Duke University Press.

Braidotti, R. 2009. Animals, anomalies, and inorganic others. *PMLA*, 124(2):525–32.

Buell, L. 1995. *The environmental imagination: Thoreau, nature writing, and the formation of American culture*. Cambridge en Londen: Harvard University Press.

—. 2005. *The future of environmental criticism: Environmental crisis and literary imagination*. Oxford: Blackwell.

Buell, L., U.K. Heise en K. Thornber. 2011. Literature and environment. *Annual Review of Environment and Resources*, 36:417–40.

Bruinders, S. 2014. *Die sideboard*. Tygervallei: Naledi.

Cilano, C. en E. DeLoughrey. 2007. Against authenticity: global knowledge and postcolonial ecocriticism. *Interdisciplinary Studies in Literature and Environment*, 14(1):71–86.

- Clayton, S. en S. Opotow (reds.). 2003. *Identity and the natural environment: the psychological significance of nature*. Cambridge, MA: MIT Press.
- Coetzee, A. 2000. 'n Hele os vir 'n ou broodmes: grond en die plaasnarratief sedert 1595. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers
- Coetzee, C. 2015. Huisies aan die Rand: ekokritiek en in die besonder stedelike ekokritiek as lens vir die lees van sewe gedigte met Johannesburg as agtergrond. *LitNet Akademies*, 12(3):1–50. http://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2015/12/LitNet_Akademies_12-3_CorneCoetzee_1-50.pdf (4 Oktober 2016 geraadpleeg).
- Coole, D. en S. Frost. 2010. Introducing the new materialisms. In Cool en Frost (reds.) 2010.
- Coole, D. en S. Frost (reds.). 2010. *New materialisms: ontology, agency, and politics*. Durham en Londen: Duke University Press.
- Fearon, J.D. 1999. What is identity (as we now use the word)? https://www.researchgate.net/publication/229052754_What_Is_Identity_As_We_Now_Use_the_Word (4 Februarie 2015 geraadpleeg).
- Fiedorczuk, J. 2011. The problems of environmental criticism: An interview with Lawrence Buell. *Polish Journal for American Studies*, 5:7–13.
- Fourie, R. 2011. A postcolonial and ecocritical reading of Marlene van Niekerk's modern plaasroman *Agaat*. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit Gent. http://lib.ugent.be/fulltxt/RUG01/001/786/761/RUG01-001786761_2012_0001_AC.pdf (20 September 2016 geraadpleeg).
- . 2016. Identity, gender, and land in Marlene van Niekerk's *Agaat*. *English Academy Review*, 33(1):38–56.
- Gifford, T. 2008. Recent critiques of ecocriticism. *New Formations*, 64:15–24.
- Glotfelty, C. 1996. Introduction: Literary studies in an age of environmental crisis. In Glotfelty en Fromm (reds.) 1996.
- Glotfelty, C. en H. Fromm (reds.). 1996. *The ecocriticism reader: landmarks in literary ecology*. Athene: University of Georgia.
- Guha, R. en J. Martinez-Alier. 1997. *Varieties of environmentalism: essays North and South*. Londen: Earthscan.
- Huggan, G. en H. Tiffin. 2007. Green postcolonialism. *Interventions*, 9(1):1–11.
- . 2010. *Postcolonial ecocriticism: literature, animals, environment*. New York: Routledge.
- Ingold, T. 2016. Materials against materiality. *Archaeological Dialogues*, 14(1):1–16.

Iovino, S. 2010. The human alien. Otherness, humanism, and the future of ecocriticism. *Ecozon@*, 1(1):53–61.

Iovino, S. en S. Oppermann. 2014. Introduction: stories come to matter. In Iovino en Oppermann (reds.) 2014.

—. 2016. Posthumanism in literature and ecocriticism. *Relations: Beyond Anthropocentrism*, 4(1), spesiale uitgawe.
https://www.academia.edu/21497021/Posthumanism_in_Literature_and_Ecocriticism
(14 Maart 2016 geraadpleeg).

Iovino, S. en S. Oppermann (reds.). 2014. *Material ecocriticism*. Bloomington: Indiana University Press.

Jesse, N.G. en K.P. Williams. 2006. *Identity and institutions: conflict reduction in divided societies*. https://books.google.co.za/books?id=5nEY9h-55ecC&pg=PA17&lpq=PA17&dq=Fearon+Identity&source=bl&ots=QnJEPcVXLF&sig=EAUUjhp52HYBQ7iwljMaLK2lxXE&hl=af&sa=X&ved=0ahUKEwj_t8fNk8XMAhWrAsAKHckPDik4ChDoAQgcMAE#v=onepage&q=Fearon%20Identity&f=false (14 Mei 2016 geraadpleeg).

Keuris, M. 2007. An ecocritical reading of Pieter Fourie's *Die koggelaar*. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, 23(4):417–31.

Lubbe, H. en R. Wiehahn. 2000. Die Afrikaanse plaasroman in die twintigste eeu. *Stilet*, 12(1):153–67.

Macfarlane, R. 2013. New words on the wild: Robert Macfarlane reflects on the recent resurgence in nature writing. *Nature*, 498(7453):166–7.

Meyer, S. 2014a. “Ons ís mense. My kinders hét gesigte.” Die natuurlike omgewing en die konseptualisering van die self in *Karretjiemense* (Carol Campbell). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(3):675–92.

—. 2014b. Ingeplaaste skryf as vergestaltung van ekokritiese ingesteldheid in die verhaalkuns van Petra Muller. *Literator*, 35(2):1–12.

—. 2015a. Die allesomvattende materiële dimensie van ons bestaan: aspekte van die nuwe materialisme in *Vuurklip* (2013) van Marié Heese. *LitNet Akademies*, 12(2):69–89.
http://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2015/11/LitNet_Akademies_12-2_Meyer_69-89.pdf
(8 Mei 2016 geraadpleeg).

—. 2015b. 'n Alternatiewe beskouing van die natuur se andersheid in *Halfkrone vir die Nagmaal* (E. Kotze). *Tydskrif vir Letterkunde*, 52(2):102–16.

Moran, J. 2014. A cultural history of the new nature writing. *Literature & History*, 23(1):49–63.

- Mukherjee, P. 2006. Surfing the second waves: Amitav Ghosh's *Tide country*. *New Formations*, 59:144–57.
- Oppermann, S. 2013. Feminist ecocriticism: the new ecofeminist settlement. *Feminismo/s*, 22:65–88.
- Phillips, D. 2013. Ecocriticism's hard problems (its ironies, too). *American Literary History*, 25(2):455–67.
- Robb, J. 2016. Beyond agency. *World Archaeology*, 42(4):493–520.
- Smith, S. 2012a. Die aard van ekopoësie teen die agtergrond van die ekokritiese teorie met verwysing na enkele gedigte van Martjie Bosman. *LitNet Akademies*, 9(2):500–23. <http://litnet.co.za/assets/pdf/8GWSmith.pdf> (4 Oktober 2016 geraadpleeg).
- . 2012b. Plek en ingeplaaste skryf. 'n Teoretiese ondersoek na ingeplaaste skryf as ekopoëtiese skryfpraktyk. *LitNet Akademies*, 9(3):887–928. http://litnet.co.za/assets/pdf/Smith_9_3_GW17.pdf (4 Oktober 2016 geraadpleeg).
- . 2014. Ekokritiek en die nuwe materialisme. 'n Ondersoek na die nuwe materialisme in enkele gedigte van Johann Lodewyk Marais uit die bundel *In die bloute* (2012). *LitNet Akademies*, 11(2):749–74. http://litnet.co.za/assets/pdf/joernaaluitgawe_11_2/11_2_Smith.pdf (4 Oktober 2016 geraadpleeg).
- . 2015a. Ekokritiek. By die sien: kennisname en kennisskepping. Versindaba. <http://versindaba.co.za/tag/ekokritiek> (15 September 2016 geraadpleeg).
- . 2015b. Plek as liggaam en liggaam as plek. Tendense van die nuwe materialisme en interaksie tussen mens en plek in enkele tekste uit *Verweerskrif* (2006) van Antjie Krog. *LitNet Akademies*, 12(2):1–14. http://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2015/11/LitNet_Akademies_12-2_Smith_1-24.pdf (4 Oktober 2016 geraadpleeg).
- Steenkamp, E. 2013. Ekokritiek: In gesprek met Susan Smith. *LitNet*. <http://www.litnet.co.za/ekokritiek-in-gesprek-met-susan-smith> (4 Oktober 2016 geraadpleeg).
- Sullivan, H.I. 2014. The ecology of colors: Goethe's materialist optics and post-humanism. In Iovino en Oppermann (reds.) 2014.
- Thomashow, M. 1996. *Ecological identity: becoming a reflective environmentalist*. Cambridge, MA: MIT Press.
- Van Coller, H.P. 2006. Die representasie van die plaas, dorp en stad in die Afrikaanse prosa. *Stilet*, 18(1):90–121.
- Van der Veen, M. 2014. The materiality of plants: plant-people entanglements. *World Archaeology*, 46(5):799–812.
- Verhagen, R. 2010. Ecological identity. http://www.globalepe.org/article_print.php?aid=23 (21 April 2016 geraadpleeg).

Vital, A. 2008. Toward an African ecocriticism: postcolonialism, ecology and *Life & Times of Michael K*. *Research in African Literatures*, 39(1):87–106.

Wasserman, H. 2000. Terug na die plaas – postkoloniale herskrywing in Etienne van Heerden se *Die stoetmeester*. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 7(1):29–55.

Willemse, H. 2015. Resensie: *Die sideboard*. *Tydskrif vir Letterkunde*, 52(1):252–3.

Woodward, W. 2003. Postcolonial ecologies and the gaze of animals: reading some contemporary Southern African narratives. *Journal of Literary Studies*, 19(3/4):290–315.

Wylie, D. 2007. //Kabbo's challenge: transculturation and the question of a South African ecocriticism. *Journal of Literary Studies*, 23(3):252–70.

Zavetoski, S. 2003. Constructing and maintaining ecological identities: the strategies of deep ecologists. In Clayton en Opatow (reds.) 2003.

Eindnotas

¹ 'n Bladsyverwysing sonder bron is 'n verwysing na *Die sideboard* (Bruinders 2014).

² Terwyl Coetzee (2000) heelwat aandag skenk aan die generiese aspekte van die plaasroman, wys Wasserman (2000), Van Coller (2006) en Fourie (2016) op hoe die plaasroman onlangs ook herskryf is. Wasserman lees en interpreteer *Die stoetmeester* van Etienne van Heerden binne die raamwerk van die postkoloniale teorie as 'n terugskryf téén die diskoers van Afrikanernasionalisme in die vroeë plaasromans – hoewel nie as streng opposisionering ten opsigte van die verlede nie, maar as 'n vorm van postkolonialisme wat nie van die tradisionele diskoers geskei kan word nie. Die postkoloniale terugskrywing in die *Die stoetmeester* is dus 'n paradoksale handeling van getrouheid aan die verlede, wat nie totaal verwerp word nie, selfs al word dit herskryf (Wasserman 2000:52).

Van Coller (2006:99) beklemtoon die tersaaklikheid wat die plaasroman binne die Afrikaanse literêre sisteem behou het, terwyl die moderne variant ideologies radikaal afwyk van die tradisionele weergawe daarvan. Hy doen dit met verwysing na die behoud van belangrike aspekte van die vroeë plaasroman (byvoorbeeld erfopvolging, die idilliese ruimte, die patriargie) wat ondermynend en parodiërend herskryf word deur, onder andere, Etienne Leroux, André P. Brink, Etienne van Heerden en Marlene van Niekerk. In laasgenoemde se *Agaat* word veral die rol van die (swart) vrou binne die plaas-opset sentraal gestel. Fourie (2016) doen 'n kritiese ontleding van die wyse waarop geslags- en magsrelasies in *Agaat* omvergewerp word en die magsdiskoers herskryf word. Die sentrale posisie wat hierdie prosasoort in die Afrikaanse literêre veld behou, word raak beskryf deur Lubbe en Wiehahn (2000:165) se verwysing na “'n literêre tradisie ryk aan ideologiese betekenis (wat) gevestig, uitgebou, ontluiser en afgebreek” is.

³ *Biocolonisation* is 'n term wat deur vakkundiges in die ondersekte terreine van omgewingstudies en die biowetenskappe gebruik word om 'n breë spektrum van biopolitieke implikasies, voortspruitend uit huidige Westerse tegnologiese eksperimente en tendense, te

omvat – byvoorbeeld Westers-gepatenteerde genetiese modifikasies en ander vorme van biotegnologiese magsbeoefening en ingryping (Huggan en Tiffin 2010:4.)

⁴ Fourie (2011) ontleed Milla (die volksmoeder in die roman) en Jak (die boer) se individuele beskouings van boerdery en die natuur en daar word bevind dat sommige aspekte van die magsverhouding tussen daardie karakters uitgebeeld word as ondermyning van die geslagshiërargie soos dit in die tradisionele plaasromans aangetref is. Verder word bevind dat die verhouding tussen Milla en Agaat, die werker in haar huis, ook 'n postkoloniale verskuiwing in die tradisionele magsverhouding tussen koloniseerder en gekoloniseerde beliggaam.

⁵ Wat die terrein van die Afrikaanse literatuurteorie en -kritiek betref, word die invloed van die nuwe materialisme op die ekokritiese lees van tekste deur die navorsing van onder andere Susan Smith en myself erken. Smith se artikels bevat onder meer bevindings oor haar ondersoek na die nuwe materialisme in gedigte van Johann Lodewyk Marais uit die bundel *In die bloute* (2014) en oor tendense van die nuwe materialisme in die interaksie tussen mens en plek in gedigte in Antjie Krog se *Verweerskrif* (2015b). Ekself (2015) ondersoek aspekte van die nuwe materialisme in *Vuurklip* (2013) van Marié Heese.

⁶ In onlangse navorsing oor identiteit, soos dié van Jesse en Williams (2006) en Abdelal (2009:264–5), word die gesag van Fearon se bondige, heldergeformuleerde konsepbeskrywing steeds aanvaar.

⁷ Verhagen (2010) benadruk die belangrikheid van ekologiese identiteit en van die vraag hoe ons aansluiting by ons natuuumgewing vind:

It is this ecological identity that is to be recognized and nurtured if we are to become fully human. It is essential to our selfhood. Besides being a father, mother, professor, artist, tennis player, activist ..., we are also Earthlings.

[...]

Why is it important to discover and nurture one's ecological identity? In last instance, the future of humanity and the Earth depends on whether humans understand how to commune with the natural world rather than exploit it; on whether they develop their capacity for intimacy in human-Earth relations.

Verder verwys Verhagen (2010) na talle boeke en kongresse waar die kwessie van ekologiese identiteit in die afgelope jare betrek is. “Most of the publications have emerged during the last four decades from the deep ecology movement [...]. Others came from concentrations such as bioregionalism, eco-psychology, Earth spirituality, education, sustainability sociology.”